

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

BOLAND BANK BEPERK

Appellant

en

PICFOODS BEPERK

1ste Respondent

NEW BERNICA BEPERK

2de Respondent

VOLKSKASGROEP BEPERK

3de Respondent

LEGAL & GENERAL VOLKSKAS

VERSEKERING BEPERK

4de Respondent

VOLKSKAS PENSIOENFONDS

5de Respondent

NEW BERNICA SECURITIES (EDMS) BEPERK

8ste Respondent

CORAM: CORBETT, HOEXTER, SMALBERGER, NESTADT, ARR
et NICHOLAS, Wnd AR

VERHOOR: 11 Mei 1987

GELEWER: 24 Augustus 1987

UITSpraak

HOEXTER, AR

HOEXTER, AR

In die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop het die appellant op 1 April 1985 'n mosie-aansoek om sekere bevels teen sewe respondente geloods. Die respondente het die aansoek bestry en namens hulle is beantwoordende verklarings ingedien. Die aansoek is gedurende November 1985 aangehoor en met koste afgewys. Met verloop van die Hof a quo (VIVIER, R) kom die appellant teen gemelde afwysing na hierdie Hof in hoër beroep.

Die appellant is 'n bankinstelling ingevolge die Bankwet, No 23 van 1965 ("die Bankwet") geregistreer. Die eerste respondent, Picfoods Beperk ("Picfoods") is 'n maatskappy in die Pickard-groep van maatskappye. Die tweede respondent is New Bernica Beperk en sowel hy as 'n maatskappy bekend as New Bernica Securities (Edms) Beperk (laasgenoemde is mettertyd as agste respondent by die aansoek gevoeg) is in die Volkskas-groep van maatskappye.

In

In die Hof benede was dit gemene saak dat die tweede en agste respondente "as een optree en ook so beskou moet word." Geriefshalwe sal na die tweede en agste respondente sonder onderskeid as "New Bernica" verwys word. Die derde respondent is Volkskas Groep Beperk ("Volkskas"), 'n bank-beheermaatskappy ingevolge die Bankwet. Die vierde respondent, Legal & General Volkskas Versekering Beperk, is 'n maatskappy in die Volkskas-groep. Geriefshalwe sal na die vierde respondent (wat gedurende 1986 sy naam na "Lifegro Assuransie Beperk" verander het) as "Legal & General" verwys word. Die vyfde respondent is Volkskas Pensioenfonds ("VPF"). Die vyfde respondent is ook 'n maatskappy in die Volkskas-groep. Op 9 Augustus 1985 het die appellant sy aansoek teen die sesde en sewende respondente teruggetrek. Op 19 Desember 1986 het die appellant ook sy appél teen Legal & General teruggetrek en aangebied om laasgenoemde se getakseerde party- en partykoste tot op daardie datum te betaal.

Die

Die appellant het in totaal 6 697 210 gewone aandele uitgereik. Met die oog op sy onafhanklike voortbestaan is dit die appellant se beleid om deurentyd te waak teen die verkryging deur enige instansie of instansies van 'n aandeelhouding in die appellant se uitgereikte aandele wat na die oordeel van die appellant se bestuur oormatig is. (Kyk verder die beperkings op aandeelbesit in 'n bank ingevolge art 28D van die Bankwet). Picfoods is die geregistreerde aandeelhouer van 659 500 aandele in die appellant. Legal & General is die geregistreerde aandeelhouer van 622 900 aandele in die appellant. Mnr J A J Pickard is die voorsitter en besturende direkteur van Picardi Beleggings Beperk ("Picbel"). Picbel het 'n 53,6% aandeelhouding in Picardi Finance Corporation Beperk ("Picfin"). Op sy beurt is Picfin die beherende maatskappy van Picfoods. Benewens sy aandeelhouding in die appellant was Legal & General in 1984 verder die geregistreerde aandeelhouer van 452 300 aandele in Picfoods ("die Picfoods-aandele"). Die appellant se aansoek in die Hof

benede

benede het voortgespruit uit n transaksie in Desember 1984 ingevolge waarvan Picfoods 654 500 van sy aandele in die appellant ("die 654 500 BB-aandele") aan VPF vervreem het en gelyktydig waarmee Picfin die Picfoods-aandele van Legal & General bekom het. Legal & General se beleggingsbestuurder, mnr P R du Toit, wou nie regstreeks met Pickard onderhandel nie; en by uitvoering van die transaksie het New Bernica namens sowel VPF as Legal & General as lashebber opgetree.

Ofskoon die betrokke regshandelinge allersyds as twee wederkerige koopkontrakte ingeklee is, het dit in werklikheid n ruiltransaksie van aandele tussen die Pickard-groep enersyds en die Volkskas-groep andersyds behels. In ruil vir die Picfoods-aandele wat die Pickard-groep van die Volkskas-groep ontvang het, kry die Volkskas-groep die ^{654 500} BB-aandele van die Pickard-groep. Op 4 Desember 1984 het New Bernica die volgende teleks aan Picbel gerig:-

"This

"This is to confirm our deal as concluded on the telephone this morning. We have sold to you and you have bought from us 450 000 (sic)....PICFOODS LIMITED. You have sold to us and we have bought from you 654 500BOLAND BANK LIMITED. The value placed on both transactions is the same amount so that no money will exchange hands. We will deliver the PICFOODS shares in negotiable order to you and you will deliver the BOLAND BANK SHARES in negotiable order to us on Thursday 6th December 1984 at our offices, 4th floor, Bank of Lisbon Building, 37 Sauer Street, Johannesburg."

Op 5 Desember 1984 het Legal & General die volgende brief aan New Bernica geskryf:-

"We confirm having sold to you today for delivery 6 December 1984 and settlement 29 December 1984 the following:

<u>No of Shares</u>	<u>Description</u>	<u>Price</u>	<u>Consideration</u>
452 300	Picfoods Limited	1100c	R4 975 300

Die besturende direkteur van Volkskas, mnr P R Morkel, was ook die voorsitter van VPF. Op 6 Desember 1984 het VPF 'n tjek ten bedrae van R4 975 300 ten gunste van New Bernica getrek; en op 31 Desember 1984 is gemelde bedrag

deur

deur New Bernica aan Legal & General oorbetaal. Morkel was n mede-ondertekenaar van VPF se voormelde tjek van R4 975 300 aan New Bernica.

In die appellant se mosie-aansoek... was die deponent van sy funderende beëdigde verklaring mnr G Z Liebenberg. Laasgenoemde is die besturende direkteur van die appellant en ondervoorsitter van sy direksie. Namens Volkskas, VPF en New Bernica het Morkel n beantwoordende verklaring ingedien. Dit is gemene saak dat daar op 6 Desember 1984 n telefoongesprek tussen Morkel en Liebenberg plaasgevind het. Van die presiese strekking van hierdie telefoongesprek gee Liebenberg en Morkel botsende relase. Volgens Liebenberg het Morkel aan hom vertel dat daar n drieledige ooreenkoms tussen Volkskas, Legal & General en VPF gesluit is ingevolge waarvan hierdie drie maatskappye n blok aandele in die appellant van Picfoods gekoop het. Volgens Morkel het hy Liebenberg slegs daarvan verwittig dat VPF die

654 500 BB-aandele van Picfoods gekoop het. Die onderskeidelike relase van Liebenberg en Morkel stem egter ooreen op die volgende punt : dat Liebenberg aan Morkel te kenne gegee het dat die appellant registrasie van oordrag van die 654 500 BB-aandele op naam van die oordragnemer sou weier.

Pickard was toentertyd n direkteur van die appellant. Op 28 Desember 1984 het Pickard in sy hoedanigheid as voorsitter van Picbel n brief aan die besturende direkteur en die direksie van die appellant gerig. Onder die opskrif "Verklaring van Belange" word in die eerste paragraaf van hierdie brief die volgende geskryf:-

"Net om te bevestig dat ons dit nodig gevind het om ons belang van 60% in Picfoods op te skuif tot 73% deur die aankoop van 452 300 Picfoods aandele, wat in besit was van Legal en General Volkskas Assuransie Beperk. Soos u weet beloop kontant in Picfoods plus-minus R62 miljoen. Legal en General het verkies om die 654 500 Boland Bank aandele oor te

neem

neem. Picfoods het dus die Boland Bank aandele verkoop en (Picfin het) die Picfoods aandele aangekoop, wat vir ons baie voordelig was."

(Die woorde tussen hakies is in die oorspronklike brief per abuis weggelaat en dié tikfout is in 'n latere brief van Picfoods aan die appellant uitgewys.)

Met verwysing na Pickard se bovermelde brief het Liebenberg op 24 Januarie 1985 'n brief aan Picfoods gerig en laasgenoemde versoek om ingevolge art 28A van die Bankwet te verklaar of hy ten opsigte van die 654 500 BB-aandele nog steeds die voordeeltrekkende aandeelhouer is. Op 29 Januarie 1985 skryf die sekretaris van Picfoods aan Liebenberg en sê o a:-

"Op Desember 4, 1984 het Picfoods 654 500 Boland Bank aandele verkoop aan New Bernica Limited teen 515 sent per aandeel vir lewering op Desember 6, 1984."

Na verdere briefwisseling het Liebenberg op 11 Februarie 1985 'n brief aan Pickard gerig waarin o a die volgende beswaar aangeteken word:-

"6. Die

"6. Die feit dat u en Picfoods Beperk ons inlig dat laasgenoemde maatskappy reeds solank terug as 4 Desember 1984 inderdaad 654 500 aandele in Boland Bank vervreem het, terwyl geen aansoek om oordrag van die aandele nog ontvang is nie, skep vir ons probleme. Soos u weet word banke deur die Bankwet, 1965, enersyds verbied om sekere registrasies van aandele te doen (Artikel 28D)....."

Op 26 Februarie 1985 het Pickard n verdere brief aan Liebenberg gerig waarin Pickard o a weer eens bevestig het -

".....dat skrywe van 29 Januarie 1985nl. dat Picfoods 654 500 Boland Bank aandele aan New Bernica Limited teen 515 sent per aandeel verkoop het"

en verder aangedui het dat, hangende die oordragnemer se aansoek om registrasie van die BB-aandele, Picfoods -

"..... sal voortgaan om in die registers van Boland Bank Beperk die geregistreeerde houer van die aandele te wees, maar vir alle doeleindes sal hulle dit bloot as genomineerde van die oordragnemer hou wat die voordeeltrekkende houer van die aandele is."

Op

Op 6 Maart 1985 het Morkel in sy hoedanigheid as besturende direkteur van Volkskas m b t die 654 500 BB-aandele 'n brief ("die 6 Maart 1985 brief") aan Liebenberg geskryf. Die eerste twee paragrawe van dië brief lees soos volg:-

"Neem asseblief hiermee formeel kennis dat 654 500 aandele in Boland Bank deur die bemiddeling van New Bernica Beperk van die geregistreeerde verkoper van hierdie aandele, Picfoods Beperk, vir 'n entiteit wat 'n verbintenis met Volkskas-Groep Beperk het, gekoop is.

Op hierdie stadium is daar nog nie finaal besluit watter sodanige entiteit of entiteite as houër van die aandele sal optree nie, maar dit is nie onmoontlik dat dit Volkskas-Pensioenfonds sal wees nie. Sodra daar finaliteit oor hierdie aangeleentheid is, sal die aandele in die normale gang van sake aangebied word vir registrasie."

die

Op 14 Maart 1985 het beide voorsitter van die appellant se direksie en Liebenberg in 'n gesamentlike brief aan Morkel skerp op die 6 Maart 1985 brief gereageer. Hierin is laasgenoemde skrywe as "vreemd en in sekere opsigte

erg

erg verwarrend" bestempel. In die derde paragraaf van hul brief wys die skrywers daarop dat Morkel op 6 Desember 1984 vir Liebenberg van die "drieledige ooreenkoms" (die strekking waarvan reeds hierbo aangedui is) vertel het. Voorts het die skrywers die aandag daarop gevestig dat hoewel Pickard op 28 Desember 1984 vermeld het dat Legal 654 500 & General die BB-aandele van Picfoods gekoop het Pickard later berig het dat New Bernica eintlik die koper is; en dat Pickard kort tevore bevestig het dat Picfoods die 654 500 BB-aandele as genomineerde hou en nie die voordeeltrekkende houer daarvan is nie. Vervolgens verklaar die skrywers in die voorslotparagraaf van hul brief dat "ten einde die aangeleentheid reg te stel" die appellant se direksie hom die reg voorbehou om indien nodig regstappe te doen.

In sy beantwoordende verklaring sê Morkel o a dat in die lig van Liebenberg se mededeling aan hom in die loop van die telefoongesprek op 6 Desember 1984 hy (Morkel) regsadvies ingewin het oor die vraag of die

appellant

appellant kon weier om die oordrag van die 654 000 BB-aandele op naam van VPF te registreer. Die regsadvies was dat die appellant sodanige registrasie wel kon weier. Daarna, aldus Morkel, is die moontlikheid ondersoek dat Picfoods die 654 000 BB-aandele as genomineerde van VPF hou, maar met die oog op die aard en omvang van Picfoods se akte van oprigting en statute is daar besluit dat die Registrateur van Pensioenfondse dit nie sou goedkeur nie. Bygevolg is op 18 April 1985 verder besluit dat Volkskas die voordeeltrekkende aandeelhouer van die BB-aandele sou word en dat, indien die appellant sou weier om die aandele op naam van Volkskas te registreer, Picfoods dan die aandele as genomineerde van Volkskas sou hou.

Ingevolge art 3 van die Wet op Seëlregte, No 77 van 1968, word seëlregte ooreenkomstig Bylae 1 daarvan gehef. Kragtens art 23(15) (a) van gemelde Wet word enige seëlreg wat ingevolge Item 15(5) van Bylae 1 ten opsigte van die verkryging van handelseffekte

betaalbaar

betalbaar is, aangedui op 'n akte of verklaring wat m b t sodanige verkryging verly moet word. Art 23(1) bepaal dat dusdanige akte of verklaring, wat deur die partye by die transaksie onderteken moet word, besonderhede van die transaksie wat nodig is vir die vasstelling van aanspreeklikheid vir seëlreg moet aandui -

".....met volledige en juiste besonderhede van dié handelseffekte en die betaalde vergoeding of, waar geen vergoeding betaal word nie, die markwaarde van die handelseffekte op die datum van die transaksie....."

Dientengevolge het Picfoods, VPF, New Bernica en Volkskas op 27 Mei 1985 'n skriftelike ooreenkoms ("die tweede kontrak") aangegaan. Die eerste vier klousules van die tweede kontrak lees soos volg:-

"1. Picfoods en VPF kanselleer hiermee met ingang 4 Desember 1984 die ooreenkoms ingevolge waarvan Picfoods op 4 Desember 1984 deur bemiddeling van New Bernica die sekuriteite beskryf in klousule 3 ('die sekuriteite') aan VPF vervreem het.

2. 2.1.

2. 2.1 Picfoods vervreem en dra hiermee oor aan Volkskas wat hiermee van Picfoods oordrag neem van die sekuriteite met ingang 4 Desember 1984.
- 2.2 Ondanks die kansellasië van die transaksie tussen VPF en Picfoods ingevolge klousule 1, sal die vergoeding wat daarkragtens betaal is, dien as vergoeding vir die vervreemding van die sekuriteite deur Picfoods aan Volkskas ingevolge klousule 2.1.
- 2.3 Volkskas sal aan VPF 'n bedrag betaal, waarvoor hulle sal ooreenkom, ten einde VPF in die posisie te stel waarin hy sou gewees het indien die transaksie tussen hom en Picfoods nie plaasgevind het nie.
3. Die volledige besonderhede van die sekuriteite is soos volg:-
 - 3.1 Aantal sekuriteite : 654 500 (ses-honderd vier en vyftigduisend vyfhonderd).
 - 3.2 Beskrywing van sekuriteite : Gewone aandele in Boland Bank Beperk.
 - 3.3 Sertifikaat nommers:
 - 3.4 Onderskeidende Nommers : Geen
 - 3.5 Waarde van vergoeding wat vir die sekuriteite gegee is: R3,370,675.
4. 4.1 Tot tyd en wyl Boland Bank Beperk die oordrag van die sekuriteite in die naam van Volkskas in Boland Bank Beperk se lederegister geregistreer het, sal

Picfoods,

Picfoods, ongeag die vervreemding en oordrag van die sekuriteite deur Picfoods aan Volkskas ingevolge hierdie ooreenkoms en vir sover dit nie strydig met die bepalinge van enige wet is nie, voortgaan om in die registers van Boland Bank Beperk die geregistreerde houers van die sekuriteite te wees, maar vir alle doeleindes sal Picfoods die sekuriteite hou as genomineerde van Volkskas, wat die voordeeltrekkende houer van die sekuriteite sal wees, ooreenkomstig die bedinge en voorwaardes in hierdie ooreenkoms vervat en/of ooreenkomstig sodanige ander bedinge en voorwaardes waarvoor Picfoods en Volkskas van tyd tot tyd skriftelik mag ooreenkom.

- 4.2 Volkskas onderneem om onverwyld na die ondertekening van hierdie akte en, indien nodig, van tyd tot tyd daarna die redelike stappe te doen ten einde die oordrag van die sekuriteite in die naam van Volkskas in Boland Bank Beperk se lederegister te laat registreer.
- 4.3 Volkskas sal nie geregtig wees om die transaksie vervat in hierdie akte waarkragtens Picfoods die sekuriteite aan Volkskas vervreem, weens enige rede hoegenaamd, te kanselleer nie. Ingeval die transaksie om enige rede hoegenaamd verval, vrywaar Volkskas vir Picfoods vir enige geldelike verlies wat Picfoods mag ly as gevolg van sodanige verval."

Onder

Onder dekking van 'n brief gedagteken 27 Mei 1985 het Volkskas op daardie datum die ^{654 500} BB-aandeel, vergesel van 'n behoorlik voltooide sekuriteit-oordragvorm, met 'n aansoek om oordrag van die ^{654 500} BB-aandeel in Volkskas se naam by die appellant ingedien. By sy brief het Volkskas 'n afskrif van die tweede kontrak gevoeg. Op 18 Junie 1985 het die appellant se direksie besluit om Volkskas se gemelde aansoek om oordrag te weier, en ingevolge art 139(1) van die Maatskappywet, No 61 van 1973, is sowel Volkskas as Picfoods hiervan verwittig.

By sy mosie-aansoek het die appellant aanvanklik die volgende regshulp aangevra:-

"1. 'n Bevel wat verklaar dat:-

1.1 Eerste respondēt (Picfoods) se aandeelhouing van 654 500 aandeel in applikant as genomineerde van tweede respondēt (New Bernica) of van 'n ander entiteit, strydig is met die bepaling van art 28(2) gelees met die ander bepaling van die Wet (die Bankwet).

1.2 Die

- 1.2 Die huidige registrasie van 654 500 aandele in applikant se naam van eerste respondent derhalwe onwettig is.
2. 'n Bevel wat tweede tot agste respondente gelas om binne 'n tydperk deur die Hof vasgestel vir applikant skriftelik in kennis te stel van die identiteit van die koper soos dit blyk kragtens die betrokke kooptransaksie met eerste respondent: ten opsigte van gemelde 654 500 aandele in applikant tesame met juiste inligting ooreenkomstig die bepaling van art 28A van die Bankwet met betrekking tot sodanige koper.
3. Alternatiewe regshulp.
4. 'n Bevel wat gelas dat applikant se koste gesamentlik en afsonderlik deur al die respondente betaal word."

Op 5 Augustus 1985 het die appellant kennis gegee dat hy bede 2 met die volgende bede wil vervang:-

- "2. 'n Bevel ingevolge waarvan derde Respondent (Volkskas) gelas word om binne een maand vanaf die datum van die Hofbevel, die 654 500 aandele in applikant te verkoop, te vervreem of van die hand te sit of op so 'n wyse daarmee te handel dat eerste respondent by die verstryking van die gemelde tydperk, nie langer die voormelde aandele in applikant, as genomineerde van die derde respondent of enige ander entiteit hou nie, en wat die eerste

respondent

respondent gelas om alle sodanige samewerking te verleen ten einde uitvoering aan die voorgaande te gee, insluitende die ondertekening van die nodige dokumente."

By die verhoor van die aansoek het vier van die respondente betoog dat die voorgename wysiging van smeekbede 2 regtens ongegrond is en derhalwe geweier moet word.

Melding is reeds gemaak van die feit dat ingevolge die transaksie wat in Desember 1984 uitgevoer is VPF 'n bedrag van R4 975 300 aan Legal & General betaal het. Verder dien opgemerk te word dat ter uitvoering van sy verpligting ingevolge klousule 2.3 van die tweede kontrak Volkskas 'n bedrag van R5 112 745 aan VPF betaal het. Hierdie besonderhede het eers laat in Oktober 1985 - en dus kort voor die aanhoor van die mosie-aansoek - onder die aandag van die appellant gekom. In 'n gevorderde stadium van die betoë aan die Hof a quo, en toe die appellant se advokaat reeds besig was om sy repliek te lewer, het die appellant aansoek gedoen om smeekbede 1 met

'n

h nuwe bedede te vervang. Die beoogde bedede 1 sou soos
volg lees:-

"1. h Bevel wat verklaar dat:

- 1.1 Eerste Respondent (Picfoods) se aandeelhouding van 654 500 aandele in Applikant as genomineerde van Tweede Respondent (New Bernica) of van h ander entiteit(e) strydig is met die bepalinge van Artikel 28(2) gelees met die ander bepalinge van die Bankwet, en/of nietig en ongeldig is vanweë die feit dat die ooreenkoms van 27 Mei 1985 tussen Eerste, Tweede, Derde (Volkskas) en Vyfde (VFP) Respondente die bepalinge van Artikel 14 van die Wet op Seëlregte, Wet nr 77 van 1968 oortree het, en/of nietig en ongeldig is vanweë onmoontlikwording van prestasie ingevolge bovermelde ooreenkoms".

Dieselfde respondente wat teen die wysiging van bedede 2 beswaar gemaak het, het ook teen die wysiging van bedede 1 beswaar gemaak.

Die uitsluitel van die Hof a quo in verband met die appellante se aansoeke om wysiging sal later in hierdie

uitspraak

uitspraak aangedui word. Dit dan wat betref die regshulp op die stukke aangevra.

Nadat die Hof benede op 10 Februarie 1985 verlof om te appelleer aan die appellant verleen het, en in stryd met die voorskrifte van reël 5(1) van die reëls van hierdie Hof, het die appellant se prokureur versuim om die kennisgewing van appèl binne 21 dae daarna te liasseer. Omdat die kennisgewing 12 dae laat ingedien is, doen die appellant aansoek om kondonasië van sy nie-nakoming van gemelde tydsbepaling. Die redes vir die versuim word in 'n beëdigde verklaring deur die appellant se prokureur volledig toegelig. Daaruit blyk dat dit te wyte is aan 'n glip van die prokureur wat toentertyd weens die ongesteldheid van 'n vennoot tydelik 'n groot werkdruk in sy Hooggeregshof-praktyk ondervind het; en dat die appellant self in verband met die versuim geen verwytdra nie. Die versuim was van korte duur en is behoorlik verklaar. By beoordeling van die appellant se kanse op

welslae

welslae in hoër beroep moet ten gunste van die appellant aangemerkt word die feit dat die Hof a quo dit goed geag het om verlof om te appelleer toe te staan. In al hierdie omstandighede stem ek saam met die betoog van mnr Seligson, wat die appèl namens die appellant beredeneer het, dat die appellant genoegsame redes aangetoon het waarom hy in die onderhawige geval van stiptelike nakoming van reël 5(1) vrygestel moet word. Na my oordeel behoort die gevraagde kondonاسie verleen te word.

Vervolgens moet die meriete van die appèl oorweeg word. By aanhoor van die aansoek in November 1985 was die identiteit van die "koper" van die ^{654 500} BB-aandele, nl Volkskas, gemene saak. Trouens, die voorgenome bedede 2 ingevolge die appellant se kennisgewing van 5 Augustus 1985 gaan van daardie veronderstelling uit. Bygevolg het die bestaande bedede 2 verval. Ingevolge daardie deel van bedede 1 wat nie deur die tweede aansoek om wysiging geraak

geraak is nie het die appellant gevra om h bevel wat
 654 500
 verklaar dat Picfoods se aandeelhouding van die BB-aandele
 as genomineerde van Volkskas met die bepalings van art
 28(2) van die Bankwet strydig is; en dat die huidige
 654 500
 registrasie van die BB-aandele in naam van Picfoods.
 onwettig is.

Art 28(2) van die Bankwet lees soos volg:-

"h Bankinstelling of bankbeheermaatskappy
 registreer nie aandele in hom op naam van
 h genomineerde nie, behalwe in onderstaande
 staande gevalle:

- (a) op naam van die trustee van h effekte-trustskema wat kragtens die Wet op Beheer van Effektetrustskemas, 1947 (Wet No 18 van 1947), geregistreer is, of die genomineerde maatskappy van genoemde trustee wat deur die Registra-teur van Effektetrustmaatskappye goedgekeur is;
- (b) op naam van die eksekuteur, administrateur, kurator of voog ten opsigte van die boedel van h oorlede aandeelhouer van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy of van h aandeelhouer wie se boedel gesekwestreer is of van h aandeelhouer wat andersins handelsonbevoeg is, of die likwidateur van h regs persoon in die proses van likwidasie wat h aandeelhouer van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy is;

(c) vir

(c) vir 'n tydperk van ses maande op naam van 'n effektemakelaar of van 'n maatskappy wat deur hom beheer word of van 'n maatskappy wat deur 'n bankinstelling beheer word of van 'n amptenaar van daardie bankinstelling, indien dit nodig is dat die aandele oorgedra word ten einde lewering aan die koper te vergemaklik of die regte van die voordeeltrekkende eienaar van die aandele te beskerm of waar die voordeeltrekkende eienaar van die aandele nie bekend is nie;

(d) waar die registrateur sodanige registrasie skriftelik goedgekeur het."

Die betekenis van die woorde "op naam van 'n genomineerde" in art 28(2) is nie ondubbelsinnig nie. Dit is nie duidelik of die verbod teen registrasie slegs gemik is op 'n oordragnemer wat by sy aansoek om oordrag onomwonde laat blyk dat by registrasie in sy naam van die bankinstelling se aandele hy gemelde aandele as genomineerde en nie as voordeeltrekkende eienaar nie sal hou, dan wel of die Wetgewer hier ook in gedagte gehad het die geval van die oordragnemer wat inderdaad 'n genomineerde is maar wat by sy aansoek om registrasie daardie feit verswyg. Vir

doeleindes

doeleindes van die onderhawige appèl is dit onnodig om hieromtrent enige mening uit te spreek. Wat wel vas staan is dat in hul gewone alledaagse betekenis die woorde "registreer nie aandele in hom" in art 28(2) slaan op die handeling van die inskrywing van 'n aandeelhouer se naam in die bankinstelling se lederegister. Namens die appellant is egter in die Hof benede en weer eens voor hierdie Hof betoog dat van hierdie gewone gedagteinhoud van die aangehaalde woorde afgewyk moet word ten einde aan die oogmerk van die Wetgewer, soos deur die appellant voorgestel, gevolg te gee. In sy uitspraak stel die Hof a quo die probleem wat by uitleg ontstaan het in die volgende woorde:-

"In die huidige saak is daar nie sprake daarvan dat Boland Bank aandele in naam van 'n genomineerde moet registreer nie. Registrasie is lank reeds afgehandel toe die betrokke aandele in die naam van Picfoods geregistreer is. Die vraag is egter of die sub-artikel so uitgelê moet word dat dit ook die geval tref waar 'n geregistreeerde

aandeelhouer

aandeelhouer in 'n bankinstelling of bankbeheer=
maatskappy sy aandele verkoop en daarna die
aandele as trustee of genomineerde van die
koper hou hangende die registrasie daarvan in
die naam van die koper."

Die belese regter het tot die slotsom geraak dat art 28(2)
slegs die registrasie deur 'n bankinstelling van aandele in
naam van 'n genomineerde verbied, en dat Boland Bank nie
op die regshulp wat in die oorspronklike bedede 1 gevra
is, geregtig is nie. Weens die redes hieronder
genoem, deel ek die sienswyse van die Hof a quo by sy
uitleg van art 28(2). Die algemene benadering wat
die uitlegger moet volg, word in Du Plessis v Joubert
1968(1) SA 585 (A) te 594 fin-595B deur BOTHA, AR
soos volg aangedui:-

"Dit

"Dit is 'n primêre reël van wetsuitleg dat die woorde van 'n wetsbepaling in hul gewone, alledaagse betekenis verstaan moet word, tensy dit vasstaan dat daardie betekenis in stryd is met die duidelike bedoeling van die Wetgewer soos blyk uit die statuut as geheel en ander tersaaklike omstandighede. In so 'n geval kan van die gewone betekenis van die woorde afgewyk word ten einde aan die duidelike bedoeling van die Wetgewer gevolg te gee. (Venter v Rex, 1907 TS 910 op bl 913-5, 921, 924; Union Government v Mack, 1917 AD 731 op bl 743). Slegs 'n duidelike en onbetwyfelbare bepaalde bedoeling van die Wetgewer, en nie 'n bloot veronderstelde bedoeling nie, kan 'n afwyking van die gewone betekenis van woorde regverdig, en dan alleen indien die woorde vir 'n ander betekenis vatbaar is. (Vgl Dadoo Ltd and Others v Krugersdorp Municipal Council, 1920 AD 530 op bl 554-5; Principal Immigration Officer v Hawabu and Another, 1936 AD 26 op bl 34 - 5.)"

Ter ondersteuning van sy argument het mnr Seligson verwys na die bepalings van art 28A van die Bankwet waarvolgens 'n bankinstelling bevoeg is om by 'n persoon -

".....op wie se naam aandele in 'n bankinstellinggeregistreer is of gaan word of iemand wat namens hom optree".
(my onderstreping).

inligting

inligting in te win om vir die doeleindes van o a
 art 28(2) te kan bepaal of daardie persoon 'n voordeel=
 trekkende aandeelhouer is. Hierdie bepalings, so is in
 oorweging gegee, bevat 'n aanduiding dat 'n bankinstelling se
 belang by die aandeelhouer se werklike status (d w s die
 vraag of hy 'n voordeeltrekkende eienaar of 'n genomineerde
 is) verder as die stadium van die aanvanklike registrasie=
 handeling strek; en dat waar 'n aandeelhouer verkoop en
 daarna die aandele sonder enige verdere registrasiehande=
 ling as genomineerde van die koper hou sodanige
 aandeelhouing met art 28(2) in stryd is. Daarteenoor
 het mnr De Villiers, wat die appèl namens die respondente
 waargeneem het, aangevoer dat vir sover art 28A op art 28(2)
 betrekking het eersgenoemde op die uitoefening van 'n
 genomineerde aandeelhouer se stemreg gemik is eerder as op
 die geldigheid van die registrasiehandeling waardeur sy
 naam in die lederegister van die bankinstelling aangeteken
 word. In hierdie verband het mnr De Villiers die
 aandag

aandag op art 28C van die Bankwet gevestig. Laasgenoemde art bepaal dat waar 'n bankinstelling of sy beamptes "op grond van inligting redelikerwys verkry" te goeder trou en onwetend 'n bepaling van art 28(2) oortree, gemelde oortreding nie strafbaar (kyk art 49 van die Bankwet) is nie:-

".....maar niemand mag persoonlik of by volmag die stemreg ten opsigte van enige aandeel wat na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, strydig met die bepalings van artikels 28(2), 28D of 28E geregistreer is, uitoefen nie."

Hoe dit ook sy het die Hof hier in die eerste plek met die behoorlike vertolking van art 28(2) self te make. By nalees van die Bankwet as geheel en met deeglike inagneming van al die argumente namens die appellant aangevoer, hou ek my nie daarvan oortuig nie dat daardie oogmerk of bedoeling van die Wetgewer waarvoor mnr Seligson hom beywer onweerspreeklik by die statuut uitstraal nie. Soos meermale in die beslissings van ons Howe beklemtoon, moet

moet in hierdie situasie deeglik voor oë gehou word dat -

".....it is dangerous to speculate on the intention of the Legislature (see eg the reference in Savage v Commissioner for Inland Revenue 1951 (4) SA 400 (A) at 409 A and the Court should be cautious about thus departing from the literal meaning of the words of a statuteIt should only do so where the contrary legislative intent is clear and indubitable (see Du Plessis v Joubert 1968(1) SA 585 (A) at 594-5). Moreover, it is not the function of the Court to supplement a statutory provision in order to provide for a casus omissus (see Walker v Carlton Hotels (SA) Ltd 1946 AD 321 at 330; Barkett's case supra at 363 F - G)."

(Per CORBETT, AR in Summit Industrial Corporation v Jade Transporter 1987(2) SA 583 (A) te 596 J - 597B).

☞ Dit mag wees dat art 28(2), n voorbeeld van onbeholpe wetsopstelling is. Dit tref my egter nie as minder waarskynlik nie dat na die beskouing van die Wetgewer die beperkte verbod wat die woorde van art 28(2) in hul gewone betekenis aandui, heeltemal sou deug. Ek is nie tevrede dat die Wetgewer inderdaad die teenoorgestelde bedoeling gekoester het nie.

Verder

Verder dien daarop gelet te word watter verreikende aanpassing van die bewoording van art 28(2) geverg word by die vertolking wat die appellant daaraan wil heg. Mnr Seligson se betoog kom daarop neer dat die inleidende woorde van art 28(2) uitgelê moet word om soos volg te lees:-

"n Bankinstelling registreer nie aandele in hom op naam van n genomineerde nie en daarbenewens mag daar nie in sy lederegister verskyn nie die naam van n lid wat aanvanklik as voordeeltrekkende aandeelhouer in sy lederegister aangeteken is en wat daarna die aandele wat op sy naam geregistreer is as genomineerde hou."

Dit behoef geen argument nie dat dit n besonder ingrypende aanpassing is wat -

".....virtually rewrites the sentence and changes its sense."

(Summit Industrial Corporation v Jade Transporter (supra) te 597G).

Om bostaande redesstem ek saam met die beskouing van die belese regter dat art 28(2) slegs die registrasie

registrasie deur die bankinstelling van aandele in naam van 'n genomineerde verbied. Na my mening het die appellant se betoog i v m die trefwydte van art 28(2) 'n verwronge en onjuiste uitleg tot gevolg.

Die appellant se tweede aansoek om wysiging van smeekbedes is uit hoofde van verskeie regsgronde (o a dat dit nuwe skuldoorsake opper wat in die beëdigde verklarings nie aangesny is nie, en dat die respondente deur die toestaan van die wysiging benadeel sou word) namens die respondente teengestaan. In die loop van sy uitspraak het die Hof a quo beslis dat dit onnodig is om op die geldigheid van hierdie besware in te gaan omdat hy van oordeel was:-

"..... dat op die eedsverklarings en ander stukke tans voor my daar in elke geval geen feitebasis vir enige van die twee addisionele gronde is nie."

Vir doeleindes van die appèl is die tweede addisionele grond in ieder geval nie ter sprake nie. 'n Argument

namens

namens die appellant dat die verbintenis ingevolge die tweede kontrak weens onmoontlikmaking van prestasie uitgewis is deurdat dit onmoontlik geword het vir Volkscas om registrasie van die ^{654 500} BB-aandele in sy naam te verkry, is tereg deur die Hof a quo verwerp. In sy betoogspunte aan hierdie Hof het die appellant se advokaat m i wyslik gehandel deur die hele argument i v m onmoontlikmaking te laat vaar.

Die eerste addisionele grond wat die appellant by bede 1.1 wou byhaal, was dat Picfoods se aandeelhouding as genomineerde van die 654 500 BB-aandele ongeldig is vanweë die feit dat die tweede kontrak die bepalings van art 14 van die Wet op Seëlregte oortree. Art 14 van Wet 77 van 1968 lees soos volg:-

"n Kontrak, ooreenkoms of onderneming wat aangegaan word met die doel om die vereistes van hierdie Wet met betrekking tot die seëling van stukke te ontduik, te verydel of te dwarsboom, of met die doel om n beswaar of ondersoek in verband met die

behoorlike

behoorlike seëling van h stuk te verhoed, is nietig: Met dien verstande dat hierdie artikel nie h ooreenkoms tussen partye belet aangaande die verdeling tussen hulle van die verpligting om die bedrag te betaal wat aan seëlreg betaalbaar is nie."

Namens die appellant is aangevoer dat die bedrag van R3 370 675 wat in klousule 3.5 van die tweede kontrak aangestip word as:-

"Waarde van vergoeding wat vir die sekuriteite gegee is".

die verkeerde bedrag is; dat die korrekte bedrag R4 975 300 sou wees; dat die tweede kontrak ter ontduiking van seëlreg aangegaan is; en dat die tweede kontrak derhalwe nietig is.

In die verbygaan dien gemeld te word dat indien argumentshalwe ten gunste van die appellant veronderstel sou word dat die tweede kontrak strydig met art 14 aangegaan is, en dat dit bygevolg nietig is, dit moeilik in te sien is (soos die respondente se advokaat tereg daarop

gewys

gewys het) hoe hierdie omstandigheid die appellant se aanspraak op die regshulp in bede 1.1 aangevra (h' verklaring dat die registrasie van die 654 500 BB-aandele in naam van Picfoods onwettig is) enigsins verstewig.

Nietigheid van die tweede kontrak sal vermoedelik tot gevolg hê dat Picfoods dan nog steeds sowel die geregi- streerde as die voordeeltrekkende aandeelhouer sal wees. Dit is egter onnodig om verder hierop in te gaan. Na my mening het die appellant se betoog i v m die korrektheid van die bedrag in klousule 3.5 min om die lyf.

Soos reeds daarop gewys, het dit in Desember 1984 oor h' ruiltransaksie tussen die Pickard-groep en die Volkskas-groep gegaan. Eersgenoemde het die 654 500 BB-aandele wat hy gehou het in ruil gegee vir die Picfoods-aandele waarvan die Volkskas-groep die houer was. Die uitwerking van die tweede kontrak op die transaksie van Desember 1984 was enkel en alleen om binne die

die Volkskas-groep VPF deur Volkskas as oordragnemer te vervang. Juridies het die aard van die kontrak as ruiltransaksie asook die identiteit van die ruilmiddels onveranderd gebly. Dit bly daarby dat die vergoeding wat die Volkskas-groep vir die 654 500 BB-aandele gegee het die Picfoods-aandele was.

Paragraaf 15(5)(c)(iii) van Bylae 1 van Wet 77 van 1968, wat op die tweede kontrak van toepassing is, bepaal dat seëlreg van 10 sent betaalbaar is vir elke R10, of deel daarvan -

".....van die bedrag of waarde van die vergoeding gegee of, waar geen vergoeding gegee word nie, van die waarde van die handelseffekte."

In sy samehang met die hele Wet op Seëlregte beskou, moet die woord "waarde" in bovermelde paragraaf m i as "markwaarde op die datum van die transaksie" vertolk word.. Bygevolg was die partye tot die tweede kontrak regtens verplig om in klousule 3.5 daarvan die markwaarde

van

van die Picfoods-aandele te meld.

Nou is dit so dat ten einde lewering van die Picfoods-aandele aan Legal & General te bewerkstellig VPF R4 975 300 aan Legal & General betaal het. Hieruit kan egter nie sonder meer afgelei word dat die bedrag van R4 975 300 die markwaarde van die Picfoods-aandele verteenwoordig het nie. Op die stukke voor die Hof benede was daar geen bewys van die werklike markwaarde van die Picfoods-aandele nie. Daar was hoogstens 'n aanduiding dat die markwaarde van die Picfoods-aandele minder as R4 975 300 is. Legal & General se beleggingsbestuurder, Du Toit, het in 'n beëdigde verklaring (jurat 15 Oktober 1985) die volgende gesê:-

"The price received by Legal & General for the sale of the Picfoods shares was extremely good, being a price higher than that ruling at the time or subsequently"

Verder

Verder meer : die appellant kon him in alle geval nie op die nietigheidsbepaling in art 14 beroep nie by ontstentenis van bewys dat die tweede kontrak aangegaan is met die doel om die bepalings van Wet 77 van 1968 te ontduik of te verydel of te dwarsboom. Na my oordeel ontbreek dusdanige getuienis. Trouens, wat die Pickard-groep betref is daar aanduidings (kyk by Picfoods se brief van 29 Januarie 1985 aan die appellant en Pickard se brief van 26 Februarie 1985 aan die appellant) dat die Pickard-groep die 654 500 BB-aandele - wat hy bereid was om vir die Picfoods-aandele te verruil - se "prys" teen 515 sent per aandeel (= R3 370 675) bereken het.

Om bostaande redes gaan ek verder akkoord met die Hof a quo se bevinding dat vir die addisionele gronde wat die appellant in die betoog-stadium wou byhaal daar geen werklike feite-basis bestaan het nie.

Na my oordeel het die belese regter tereg bevind

dat

dat die appellant nie op die regshulp of soos oorspronklik aangevra of soos in die wysigings waarvoor aansoek gedoen is, geregtig is nie.

Die appèl word met koste afgewys insluitende die koste van twee advokate. Die appellant moet die koste verbonde aan die aansoek om verlof om te appelleer asook die koste verbonde aan die appellant se aansoek om kondonاسie dra, insluitende die koste van twee advokate.

G. G. Hoexter
G G HOEXTER, AR

CORBETT, AR)
NESTADT, AR) Stem saam
NICHOLAS, Wn AR)

73a/87

123/86

N v H

BOLAND BANK BEPERK

APPELLANT

en

PICFOODS BEPERK & ANDERE

RESPONDENTE

SMALBERGER, AR :-

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

<u>BOLAND BANK BEPERK</u>	Appellant
en	
<u>PICFOODS BEPERK</u>	1ste Respondent
<u>NEW BERNICA BEPERK</u>	2de Respondent
<u>VOLKSKASGROEP BEPERK</u>	3de Respondent
<u>LEGAL & GENERAL VOLKSKAS VERSEKERING BEPERK</u>	4de Respondent
<u>VOLKSKAS PENSIOENFONDS</u>	5de Respondent
<u>NEW BERNICA SECURITIES (EDMS) BEPERK</u>	8ste Respondent

CORAM: CORBETT, HOEXTER, SMALBERGER, NESTADT, ARR,
et NICHOLAS, Wnd AR

VERHOORDATUM: 11 MEI 1987

LEWERINGSDATUM: 24. AUGUSTUS 1987

UITSpraak

SMALBERGER, AR:-

Ek het die voorreg gehad om die uitspraak van

my kollega HOEXTER te lees. Ek kan my egter, met eerbied, nie

met /

met sy interpretasie van art 28 (2) van die Bankwet in die onderhawige geval vereenselwig nie, welke interpretasie myns insiens nie te rym is met die bedoeling van die Wetgewer soos afgelei kan word uit die bepalings van die Bankwet nie.

Ek aanvaar dat die letterlike betekenis van die woorde "registreer nie aandele in hom" in art 28 (2) alleenlik slaan, soos my kollega HOEXTER dit stel, "op die handeling van die inskrywing van 'n aandeelhouer se naam in die bankinstelling se lederegister". Insgelyks aanvaar ek die beginsels van wetsuitleg soos uiteengesit in die aangehaalde sake van Du Plessis v Joubert 1968 (1) SA 585 (A) en Summit Industrial Corporation v Jade Transporter 1987 (2) SA 583 (A). In dié verband benadruk ek wat gesê is in Du Plessis v Joubert (supra) op 595 A dat waar die gewone, alledaagse betekenis van woorde in 'n wetsbepaling in

stryd /

stryd is met die duidelike bedoeling van die Wetgewer soos blyk uit die statuut as geheel "kan van die gewone betekenis van die woorde afgewyk word ten einde aan die duidelike bedoeling van die Wetgewer gevolg te gee". (Kyk ook Shenker v The Master and Another 1936 AD 136 op 142; Steyn: Die Uitleg van Wette : 5de Uitgawe : bl 68). Terwyl daar versigtig te werke gegaan moet word by die afwyking van die letterlike betekenis van woorde in 'n wetsbepaling, soos gemaak in Summit Industrial Corporation v Jade Transporter (supra) op 597 A, kan en moet daar nie aan die letter van die wet gehou word nie as daar nie daardeur aan die ware bedoeling van die Wetgewer gevolg gegee word nie.

In /

In 1976 is die bepalings van die Bankwet ingrypend uitgebrei deur die wysigings wat deur Wet 101 van 1976 aangebring is. Die vorige art 28 wat eenvoudig bepaal het "n Bankinstelling reik nie toonderaandele uit nie" is deur art 28 in sy huidige vorm vervang. Daarbenewens is, onder andere, arts 28 A, 28 B, 28 C, 28 D, 28 E en 28 F in die Bankwet ingelyf. Dit het tot gevolg gehad dat daar vir die eerste keer, onder meer, n verbod geplaas is (in die geval van n bankinstelling) op die registrasie van aandele in hom op naam van n genomineerde (behalwe in sekere uitsonderlike gevalle wat dit gemene saak is in die onderhawige geval nie van toepassing is nie) (art 28 (2)); voorsiening is gemaak vir die verpligte verskaffing van sekere inligting deur aandeelhouders in n bankinstelling op laasgenoemde

se /

se versoek (art 28 A); en beperkings is geplaas op aandelebesit

in 'n bank en bankbeheermaatskappy (art 28 D). Sub-art 1

van art 28 D is veral van belang by die vasstelling van die

Wetgewer se bedoeling by art 28 (2). Dit lui soos volg:-

"(1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (4) van hierdie artikel en van artikels 28 B en 28 E, mag 'n bank of 'n bankbeheermaatskappy nie aandele in hom registreer nie op naam van 'n ander persoon as 'n geregistreerde bank of 'n geregistreerde bankbeheermaatskappy of 'n maatskappy wat ingevolge artikel 12 A (4) deur die registrateur goedgekeur is, behalwe vir sover die totale nominale waarde van die aandele wat geregistreer gaan word tesame met dié wat reeds geregistreer is op die naam van -

- (i) 'n finansiële maatskappy wat deur die registrateur ten opsigte van daardie bank of bankbeheermaatskappy vir die doeleindes van hierdie artikel goedgekeur is, en sy geassosieerdes, nie dertig persent; en
- (ii) enige ander persoon en sy geassosieerdes, nie tien persent,

van die totale nominale waarde van al die uitgereikte aandele in die bank of bankbeheermaatskappy oorskry nie."

Art 28 D (1) bevat dus 'n duidelike verbod teen die registrasie van aandele bo die maksimum getal gemeld.

In 'n artikel in Moderne Besigheidsreg (Julie 1984, 188) huldig die skrywers Fourie en Butler die mening, met verwysing na art 28 D, dat "n bestudering van hierdie artikel asook ander voorskrifte van die Bankwet toon duidelik dat die wetgewer wil voorkom dat 'n persoon, 'n maatskappy of groep maatskappye 'n groot blokstem in 'n bankinstelling verkry om sodoende interne druk op die bankinstelling uit te oefen", en dan verder "(d)ie artikels van die Bankwet wat handel oor registrasie van aandele wil duidelik verhoed dat 'n persoon en sy geassosieerdes deur middel van 'n groot blok aandele die aanwending van fondse wat van die breë publiek ingesamel word, kan beheer"/.....

beheer". Met hierdie sienswyse kan daar myns insiens nie fout gevind word nie. (Kyk ook 1976 Annual Survey of South African Law op bl 361.) Die duidelike oogmerk van die Wetgewer met die tersaaklike wysigings en toevoegings tot die Bankwet deur Wet 101 van 1976 was dus, onder andere, die beperking en beheer van aandelebesit in 'n bankinstelling. Dit is dan ook ooreenkomstig hierdie oogmerk dat art 28 (2) uitgelê moet word.

Die beperking wat art 28 D (1)(ii) op die aandelebesit in 'n bank plaas geld net ten opsigte van "enige andere persoon en sy geassosieerdes". Die woordomskrywing van "geassosieerde" in art 1 (1) van die Bankwet behels blykbaar nie 'n genomineerde nie. Ofskoon 'n genomineerde (nominee) nie deur /

deur die Bankwet omskryf word nie, is hy egter 'n bekende in ons maatskappyreg. "A nominee is an agent with limited authority;

he holds shares in name only. He does this on behalf of his

nominator or principal, from whom he takes his instructions"

(per HOLMES, AR, in Oakland Nominees (Pty) Ltd v Gelria Mining

and Investment Co (Pty) Ltd 1976 (1) SA 441 (A) op 453 A).

Omdat artikel 28 D (1) (ii) nie 'n genomineerde insluit nie moet

aandele deur genomineerdes gehou buite rekening gelaat word

vir die berekening van die tien persent beperking daarin neergelê.

Die Wetgewer se bedoeling om aandelebesit in 'n bank te beperk om

te voorkom dat 'n persoon en sy geassosieerdes beheer verkry

oor fondse van die breë publiek ingesamel, sou verydel word indien

sodanige persoon en sy geassosieerdes, deur gebruik te maak van

genomineerdes /

genomineerdes wat volgens hulle opdragte handel, groter stemreg kan bekom, en sodoende 'n groter mate van beheer, as wat die tien persent beperking op aandelebesit andersins aan hulle sou verleen. Gevolglik sou verwag word dat die Wetgewer 'n verbod sou plaas op aandeelhouding deur genomineerdes om te verhoed dat daar de facto beheer verkry word oor meer as die neergelegde persentasie aandele. Art 28 (2) was klaarblyklik bedoel om hiervoor voorsiening te maak aangesien dit 'n verbod bevat, onderhewig aan sekere uitsonderings, op die registrasie van aandele op naam van 'n genomineerde.

'n Letterlike vertolking van art 28 (2) sou die Wetgewer se bedoeling verydel want (soos in die onderhawige geval) sou 'n geregistreerde aandeelhouer sy aandele in 'n bankinstelling aan 'n ander persoon (wat reeds 'n tien persent aandelebesit het) kon verkoop en daarna die aandele as genomineerde vir die koper

hou /

hou sonder enige registrasiehandeling, of enige voorneme om die aandele te laat registreer op naam van die koper. Dit sal die koper, as reghebbende, toelaat om sy stemreg via die genomineerde uit te oefen en 'n groter mate van seggenskap te bekom as wat die Wetgewer met die beperkende bepalings van art 28 D (1)(ii) beoog het. Hiervan kan myns insiens afgelei word dat die Wetgewer nie bedoel het dat art 28 (2) net sou slaan op die handeling van die inskrywing van 'n aandeelhouer se naam in 'n bankinstelling se lederegister nie, maar ook bedoel het dat alle aandeelhouding deur genomineerdes (die uitsonderings uitgesluit) daardeur getref en verbied sou word na die inwerkingtreding van die wysigings aangebring deur Wet 101 van 1976.

In sy /

In sy uitspraak sê my kollega HOEXTER, met verwysing na art 28 (2) dat dit nie duidelik is "of die verbod teen registrasie slegs gemik is op 'n oordragnemer wat by sy aansoek om oordrag onomwonde laat blyk dat by registrasie in sy naam van die bankinstelling se aandele hy gemelde aandele as genomineerde en nie as voordeeltrekkende eienaar nie sal hou, dan wel of die Wetgewer hier ook in gedagte gehad het die geval van die oordragnemer wat inderdaad 'n genomineerde is maar wat by sy aansoek om registrasie daardie feit verswyg." Daar bestaan by my geen twyfel nie dat die Wetgewer ook laasgenoemde geval in gedagte gehad het, en dat waar 'n oordragnemer die feit verswyg dat hy 'n genomineerde is en sodoende registrasie van aandele in sy naam verkry, sodanige registrasie deur gepaste stappe ongedaan gemaak /

gemaak kan word as synde strydig met die bepalings van art 28 (2). Daardie situasie is myns insiens nie in beginsel te onderskei van 'n geval soos die onderhawige nie waar Picfoods se voortgesette aandeelhouding in die appellant as genomineerde van Volkskas as gelykstaande beskou kan word aan verkryging van oordrag deur 'n genomineerde deur verswyging van die feit dat hy 'n genomineerde is - in iedere geval bring dit mee dat die reghebbende nie die geregistreerde aandeelhouer is nie.

'n Verdere aanduiding dat daar van 'n letterlike uitleg afgewyk moet word, is in art 28 A (a) te vinde. Die betrokke artikel magtig 'n bankinstelling om o a by 'n persoon op wie se naam aandele in 'n bankinstelling geregistreer is inligting te bekom, o a vir die doeleindes van art 28 (2), om te kan bepaal

of /

of daardie persoon 'n voordeeltrekkende aandeelhouer is al dan nie. Die feit dat inligting van dié aard bekom kan word van reeds geregistreeerde aandeelhouders is 'n sterk aanduiding dat art 28 (2) 'n wyer omvang het as wat die letterlike uitleg daarvan toelaat. Waarom sou art 28 A (a) die verkryging van inligting aangaande die ware status van 'n geregistreeerde aandeelhouer magtig tensy daar beoog was dat stappe gedoen kon word om die voortgesette aandeelhouding van 'n genomineerde te beëindig? Sulke stappe kan alleenlik gedoen word as art 28 (2) nie letterlik vertolk word nie.

Die betoog van die respondente se advokaat, met verwysing na art 28 C, dat art 28 A, vir sover dit betrekking het op art 28 (2), alleenlik op die uitoefening van 'n genomineerde aandeelhouer/.....

aandeelhouer se stemreg gemik is, gaan myns insiens nie op nie.

Art 28 C verbied net die uitoefening van 'n stemreg "ten opsigte

van enige aandeel wat strydig met die bepalings van

artikels 28 (2), 28 D of 28 E geregistreer is"

Waar in die onderhawige geval 'n letterlike vertolking van art

28 (2) nie die voortgesette aandeelhouding van Picfoods as geno-

mineerde van Volkskas verbied nie, soos deur my kollega HOEXTER

bevind, kan daar nie sprake van verlies van stemreg wees nie

aangesien die betrokke aandele nie strydig met die bepalings van

art 28 (2) geregistreer is nie. Picfoods se stemreg, wat

volgens die opdragte van Volkskas uitgeoefen sal word, sal dus

behoue bly - wat tot gevolg sal hê dat Volkskas 'n de facto

aandelebesit en stemkrag van meer as tien persent sal verkry

in /.....

in weerwil van die Wetgewer se bedoeling. So 'n resultaat kan alleenlik vermy word deur art 28 (2) 'n uitgebreide betekenis te gee.

Die gevolgtrekking waartoe ek kom is dat, in die geval van 'n bankinstelling, dit die duidelike bedoeling van die Wetgewer was om kragtens art 28 (2) nie slegs registrasie (soos letterlik vertolk) van aandele op naam van 'n genomineerde te verbied nie, maar ook 'n verbod te plaas op die hou van geregistreerde aandele as 'n genomineerde, en dat daar dus van 'n letterlike vertolking van art 28 (2) afgewyk moet word om gevolg te gee aan die Wetgewer se bedoeling. Dit sou nie 'n ingrypende aanpassing van art 28 (2) verg nie, want dit sou voldoende wees om art 28 (2) uit te lê as sou dit ge lees het "n Bankinstelling

of /

of bankbeheermaatskappy registreer nie, of hou nie in sy lede=
register aan nie, aandele in hom op naam van h genomineerde nie,
behalwe

Dit is vir my nodig om pertinent na een aspek van die
belese regter a quo se uitspraak te verwys. In die loop van
sy uitspraak verklaar hy :-

"Na my mening sou h vertolking van art 28 (2),
soos namens Boland Bank betoog, tot absurde gevolge
lei. Dit sou beteken dat in elke geval waar h
geregistreeerde houer van aandele in 'n bankinstelling
of bankbeheermaatskappy sy aandele verkoop die
bestaande registrasie onmiddellik strydig word met
die bepalinge van art 28 (2). Behalwe vir soverre
hy hom op die beskerming van art 28 C kan beroep,
pleeg die bankinstelling of bankbeheermaatskappy dan
h misdryf ingevolge art 41 van die Wet vir solank
daar nie h verdere registrasiehandeling in naam
van die koper van die aandele plaasvind nie.
Dit kon klaarblyklik nooit die bedoeling van die
wetgewer gewees het nie."

Ek kan /

Ek kan nie die belese regter se siening in dié opsig deel nie. Myns insiens moet daar 'n duidelike onderskeid getref word tussen die geval waar die verkoper van aandele in 'n bankinstelling voorlopig die geregistreeerde houer daarvan bly hangende die beoogde (regmatige) oordrag van die aandele op naam van die koper, en die geval waar die partye nie bedoel dat die koper oordrag van die aandele sal ontvang nie, maar dat die verkoper, by wyse van ooreenkoms, die geregistreeerde houer van die aandele sal bly en hulle namens die koper, en onderworpe aan sy opdragte, sal hou. Alleenlik laasgenoemde geval, waar die verkoper 'n genomineerde in die ware juridiese sin van die woord is, sal deur die bepalings van art 28 (2) getref word, en sal daar nie die absurde gevolge wees wat die belese regter in die vooruitsig gestel het nie.

Na my /

Na my mening dus is Picfoods se voortgesette aan-
deelhouding in die appellant as genomineerde van Volkskas
strydig met die bepalings van art 28 (2) van die Bankwet en
behoort die appèl op dié geskilpunt te slaag. Andersins is
ek dit eens met die siening van my kollega HOEXTER. Aangesien
hierdie 'n minderheidsuitspraak is, is dit onnodig om op die
netelige vraagstuk in te gaan van wat die gevolg van my ver-
tolking van art 28 (2) sou wees in soverre dit die ooreenkoms
tussen Picfoods en Volkskas, ten opsigte van die aankoop van
Picfoods se aandele in die appellant, raak en die aard van die
regshulp waarop die appellant geregtig sou wees.

J W SMALBERGER
APPÈLREGTER